

## Wie se perd is dit?

Eendag ry 'n man huis toe. Hy ry en hy ry. Toe dit aand word, sien hy 'n lig in die venster van 'n plaashuis. Hy klim van sy perd af en loop na die deur.

"Goeienaand, is iemand tuis?" roep hy.

"'n Goeie aand vir jou ook," antwoord die boer. "Kan ek jou help?"

"Ek kom 'n ver pad. Ek het die hele dag lank gery," sê die reisiger. "Kan ek vannag hier slaap?"

"Kom gerus in," sê die boer. "Jy kan hier slaap." Hy wys vir die reisiger 'n goeie bed.

"Sorg asseblief goed vir my perd," sê die reisiger. "Ek moet nog ver ry huis toe."

"Ek sal goed vir hom sorg, daarvan kan jy seker wees," sê die boer.

Die volgende oggend maak die reisiger reg om te vertrek. "Waar is my perd?" vra hy.

"O, jou perd het laas nag weggeloop," sê die boer. "Dis nou jammer, maar hy is net weg."

Die reisiger glo hom nie heeltemal nie. Hy gaan uit om te kyk. En wil jy glo, daar is sy perd by die skuur. "Daar is my perd," sê hy bly.

"Nee, dis my perd daardie," sê die boer.

"Jou perd!" sê die reisiger. "Dink jy nou dat ek nie my eie perd ken nie? Buitendien, gisteraand het jy glad nie eens 'n perd gehad nie."

"Dis my perd. Hy was gisteraand nie hier nie, want hy is gedurende die nag gebore," sê die boer.

"Waar is sy ma dan?" vra die reisiger.

"Die skuur is sy ma. My skuur het laas nag 'n vulletjie gekry, en hier is hy," sê die boer.

Die reisiger glo dit glad nie, maar wat kan hy maak? As hy met die perd wegry, sal die boer sekerlik skree: "Dief!"

Toe kry hy 'n plan. "Is daar 'n jakkals hier naby?" vra hy.

"Natuurlik," antwoord die boer.

"Kom ons gaan vra dan vir die jakkals," sê die reisiger. "Hy sal sê wie se perd dit is."

Die boer en die reisiger stap na die jakkals se blyplek. Die jakkals sit by sy voordeur en rook 'n pyp.

"Goeiendag," sê hy. "Wat kan ek vir julle twee doen?"

Die reisiger en die boer vertel toe albei vir die jakkals hulle storie.

"Gaan terug na die plaashuis," sê die jakkals. "Sodra ek my oggendbad gehad het, sal ek na hierdie perd kom kyk. Dan sal ek kan sê wie se perd dit is."

Die boer en die reisiger gaan toe terug na die boer se huis. Hulle wag en wag, maar die jakkals kom nie. Toe gaan hulle weer na die jakkals se blyplek. Daar sit hy nog, op dieselfde plek, en rook sy pyp.

"Hoekom het jy nie gekom nie?" vra die boer. "Ons het die hele dag vir jou gewag."

"Toe ek wou bad, het die water aan die brand geslaan van my pyp. Ek was die hele dag besig om die vuur te blus," sê die jakkals.

"Ek glo jou nie!" skree die boer. "Water kan nie brand nie!" "En ek glo jou nie," sê die jakkals. "Die skuur kan nie die ma van 'n perd wees nie." Toe weet die boer dat sy skelmstreek nie gaan werk nie en so het die reisiger sy perd teruggekry.

Beantwoord nou die vrae mondelings nadat jy die storie deeglik deurgelees het.  
Jy hoef nie die antwoorde neer te skryf nie.

1. Noem die hoofkarakter(s) in hierdie storie.
2. Waarmee het die reisiger gereis?  
Hy het .....
3. Wat is 'n vulletjie?  
Dit is .....
4. Hoekom het hulle na die jakkals toe gegaan?  
Hy moes .....
5. Waar was die jakkals en waarmee was hy besig toe hulle by hom kom?  
Die jakkals .....
6. Voltooi hierdie sin in jou eie woorde:  
Die jakkals het gesê dat hy nie na die perd kon kom kyk nie omdat .....
7. Wie dink jy is die slimste in hierdie storie?  
Hoekom sê jy so?

### MEMO

1. Noem die hoofkarakter(s) in hierdie storie. **Die boer en die reisiger.**
2. Waarmee het die reisiger gereis? Hy het **met 'n perd gereis.**
3. Wat is 'n vulletjie? Dit is **'n baba perd.**
4. Hoekom het hulle na die jakkals toe gegaan?  
Hy moes **vir hulle sê wie se perd dit was/ hulle probleem oplos.**
5. Waar was die jakkals en waarmee was hy besig toe hulle by hom kom?  
Die jakkals **het by sy voordeur gesit en 'n pyp gerook.**
6. Voltooi hierdie sin in jou eie woorde:  
Die jakkals het gesê dat hy nie na die perd kon kom kyk nie omdat **hy wou bad.**
7. Wie dink jy is die slimste in hierdie storie? **Die jakkals.**  
Hoekom sê jy so? **Hy het 'n slim plan gehad om uit te vind wie se perd dit was.**

